SUID AFRIKAANSE MINIATUUR PERDE – BEHAAL REKORD PRYSE

'n Nuwe 2014 SA Rekord prys van R42000 is betaal vir 'n Merrie met die naam Stilgewacht Toy4Me tydens die veiling te Bethlehem Skougronde, wat gehou was op 5 April 2014. Dit verbeter die vorige rekord prys van R34000 wat behaal is tydens 2013 se veiling. Die Verkoper was Die Stilgewacht Miniatuurperd Stoet van Abrie Beukes en Familie van Bethlehem. Die Koper is Mnr Kobus Human, Kwamanzi Stoet van Sandton.
Die Stilgewacht Stoet het ook 'n Rekord prys ontvang vir 2 Merries wat verkoop is vir onderskeidelik R29000 en R25000 stuk aan die Koper Anzel Stoet van Senekel. Verder spog die Stilgewacht Stoet ook met 'n Rekord prys vir 'n Hingsvul Amigo 6 maande oud wat verkoop is vir R22000-00 aan Mev S Vermeulen van Griekwastad (Witrand) wat die prestasie en Rekordpryse merkwaardig maak, is dat al die merries en Hingsvul is afstamelinge van die ingevoerde hings, Platinum Pleasure uit Amerika deur die Beukes familie.

Die Anzel stoet van Bremer Swanepoel en sy dogter het ook die hoogste prys betaal vir die Miniatuurperd Hings Lot 35 Something Fishy R32000. Verkoper Pure Perd Stoet van JE van Aswegen van Petrusburg.

Ander uitstaande pryse wat behaal is tydens die veiling te Bethlehem is 'n Merrie met haar Merrievul die Verkoper Hart E Stoet – C Erasmus van Amersfoort, die Koper De Mac Stoet van Upington vir R24 000.

Die MMC Stoet van Chris en Marina vd Merwe het hulle Appalosa merrie Spotted Queen verkoop vir R32 000-00. Koper AJ Consultings van Rustenburg. Die MMC Stoet se Miniatuur donkie is verkoop vir R15000 Koper Mnr Pretorius van Secunda.

Die veiling is aangebied deur 6 Bekende miniatuurperd telers onder die Beskerming van die SA Miniatuurperd Telers Genootskap. Die afslaer was Lukas Kleynhans van Vleissentraal Bethlehem.

Foto van lings na regs:
Bremer en Anzel Swanepoel van Senekal(Koper) van Something Fishy (hings) vir R32000. Ina van Aswegen (Verkoper), Lukas Kleynhans (Afslaer Vleissentraal) Maryn Beukes (Verkoper) van Merrie Toy4Me vir R42000, Koper Kobus Human van Sandton.